# "Shoooooes!"

## Die storie van Leonard Gregory



Geskryf deur
Peter Rule

# "Shoooooes!"

# Die storie van Leonard Gregory

Geskryf deur Peter Rule

New Readers Publishers

*Dangerous Dinosaurs Sokkerklub van Durban.*

## Hoofstuk 1

# Menseregtedag, 31 Maart, 2000

Leonard Gregory sit langs die sokkerveld by die Bhongweni Stadion in Kokstad. Leonard is ‘n Griekwa, afkomstig uit die Oos Griekwaland gebied in KwaZulu-Natal. Hy kyk na die wedstryd tussen Bush Bucks van Mthatha en ‘n uitnodigingsspan met spelers van spanne uit die Kokstad omgewing. ‘n Groot skare het gekom om die wedstryd, wat deel van die Menseregtedag-vieringe is, te kom aanskou.

Na hierdie wedstryd is die hoofwedstryd – die Dangerous Dinosaurs van Durban teen Vukuzenzele van Bizana. Hierdie is ‘n sokkerwedstryd van ‘n ander aard! Dié is kruksokker! Hierdie spelers het almal liggaamlike gestremdhede en speel op krukke. Die skare is verbaas en stomgeslaan dat mense op krukke sokker kan speel. Hierdie spelers gebruik hulle krukke soos ‘n ekstra paar bene en het wonderlike sokkervaardighede. Die skare het nog nooit so iets beleef nie. Hulle fluit en skreeu om die spelers aan te moedig.

Leonard Gregory is die persoon wat die geleentheid gereël het. Wanneer Leonard na die bewegende spelers kyk en hoor hoe die skare hulle aanmoedig, kan hy net met genoegdoening glimlag. Sy plan het gewerk. Nou weet hy dat die gemeenskap sal aanvaar dat gestremde mense dinge vir hulself kan doen. Hulle is nie nutteloos en hulpeloos nie. Hulle kan ‘n groot bydrae in die lewe van die gemeenskap lewer, nes Leonard Gregory.

Leonard Gregory is gestremd. Hy gebruik ‘n rolstoel. Wanneer hy loop, gebruik hy krukke soos die spelers op die veld, maar hy is nie met ‘n gestremdheid gebore nie.

In hierdie storie sal jy meer van Leonard uitvind, sy lewe, sy geloof en sy werk met gestremde mense in sy gemeenskap in Kokstad.

## Hoofstuk 2

# “Shoooooes!” Die sokkerspeler, 1976 – 1991

Toe Leonard Gregory 15 jaar oud was, was hy ‘n sokkerster. Hy het professioneel vir Zulu Royals gespeel. Dit was die bekendste klub in KwaZulu-Natal en het later ‘n naamsverandering na AmaZulu ondergaan.

Baie doele het by Leonard se voete begin. Hy het middelveldskakel gespeel. Hy het die bepalende rol in ‘n wedstryd vervul. Toe hy die bal in die middelveld gekry het, en sy aanskoulike vaardighede gebruik het, het hy wonderlik die bal vir sy spanmaats aangegee.

“Shoooooes!” het die toeskouers geskreeu toe hy die bal in besit geneem het.

Leonard het baie spanne, beide in KwaZulu-Natal en Transkei verteenwoordig. Van Zulu Royals af het hy na Durban Bush Bucks toe gegaan, waar hy vier jaar lank in die National Professional Soccer League gespeel het. Sy volgende klub was Aces United in die destydse Federation Professional League.

Gedurende die destydse apartheidsjare is sokker volgens ras verdeel. Daar was aparte ligas vir verskillende rassegroepe. Wie weet hoe ver Leonard se sokkerloopbaan sou gevorder het indien daar destyds net een nie-rassige Premier Soccer League was?

Hierna het Leonard na Mthatha verhuis waar hy Liverpool United in die destydse Transkei Professional League verteenwoordig het. Hy was een van die beste spelers in die liga en het vir die Transkeise span teen Bophuthatswana gespeel. Hierna het hy vir Thembu Royals gaan speel waar Bantu Holomisa, nou lid van die Parlement, bestuurder was.

Leonard onthou nog hoe Bantu Holomisa voor elke wedstryd vir sy spelers gesê het, "Manne, die finale uur het aangebreek!"

*Leonard "Shoes" Gregory, Dorrington Webster en Real Taj ondersteuners by Northdale Stadion (1986).*

Daarna het Leonard Kokstad toe verhuis. Daar het hy by Kokstad Swallows sokkerspan aangesluit, wat hom ook werk by ‘n motoronderdele winkel gevind het.

Hy het met die pragtige Sylvia Kroutz in die huwelik getree, tot rus gekom, en twee kinders, Lee en Leandra, gehad. Hy het aangehou om sokker in Pietermaritzburg as gasspeler vir Real Taj in die Federation Professional League te speel. Gedurende naweke het hy al die pad van Kokstad na Pietermaritzburg vir wedstryde gereis. Dinge het vir Leonard in Kokstad goed gegaan. Toe het die ongeluk gebeur en alles het verander.

*Leonard en Sylvia met hul kinders, Lee en Leandra, op Leandra se eerste verjaarsdag (13 November, 1990).*

## Hoofstuk 3

# Die ongeluk, 8 Februarie, 1991

In 1991 was Leonard die bestuurder van ‘n meubelwinkel in ‘n klein dorpie, Mount Frere, in die Oos-Kaap. Elke dag het hy van sy huis in Kokstad na Mount Frere gereis om te werk. Saans en naweke was hy ‘n sokkerspeler in Kokstad.

Die dag wat sy lewe verander het, 8 Februarie, 1991, het hy vroeg opgestaan en soos gewoonlik hom gereed vir werk gemaak. Teen sewe-uur was hy al op pad. Terwyl hy gery het, het hy saggies vir homself geneurie. “Teen agtuur is ek in Mount Frere,” het hy vir homself gesê. Die pad was besig. Almal was haastig en baie motors het hom verbygesteek.

Toe hy om ‘n draai gery het het hy skielik beheer oor sy motor verloor. “O God! Wat gebeur nou? Help asseblief, help! Ek gaan sterf!” het hy geskreeu.

Die motor het omgeslaan en hy is uitgeslinger. Dit was die laaste ding wat hy onthou het totdat hy gevoel het dat iemand aan hom skud. “Word wakker! Waar kom jy vandaan? Wat is jou naam?”

*Leonard as bestuurder van Dan Hands Furnishers in Mount Frere (1990).*

Hy het sy oë oopgemaak. ‘n Vragmotorbestuurder het na hom gekyk. Angstig het Leonard gevra, “Wat het gebeur? Vat die motor van my af.”

Die vragmotorbestuurder het gesê, “Daar is geen motor op jou nie, jong man. Ons gaan jou help. Wat is jou naam?”

“As daar dan geen motor bo-op my is nie, wie sit op my voete? Waar kom al die bloed vandaan?” het Leonard al hoe meer benoud gevra.

Die vragmotorbestuurder het hom gerusgestel en gesê, “Hou uit. Probeer om te onspan jong man. Ons sal ‘n ambulans vir jou ontbied. Dit sal nie lank wees nie, alles sal regkom.”

Intussen het ‘n skare mense by die ongelukstoneel bymekaargekom. Die pad was afgesluit. Almal wou weet wat gebeur het. Die polisie het toe opgedaag en almal beveel om van die toneel af weg te beweeg.

“Wat was die rede vir die ongeluk?” het ‘n polisieman gevra. “Wie was betrokke?”

“Ek is ‘n ooggetuie,” het die vragmotorbestuurder

geantwoord. “Hierdie man is ernstig beseer. Ek weet nog nie wat sy naam is nie.”

Die polisieman het Leonard genader. “Jong man, leef jy nog?” het hy gevra. “Kan jy my hoor? Wat is jou naam?”

“Ja, ek lewe,” het Leonard saggies geantwoord. Dit was moeilik vir hom om te praat. “Ek is Leonard Gregory. Neem my asseblief gou hospitaal toe. Ek sterf!”

Hy kon hoor hoe vrouens in die skare vir hom bid. Teen die tyd het die ambulans ook opgedaag. Hulle het hom in die ambulans geplaas en hom na ‘n hospitaal in Mount Frere gehaas.

Daar was ‘n lang tou by die hospitaal. Sommige mense was op die vloer, sommige van hulle het selfs in poele bloed gelê. Leonard kon hoor hoe hulle kreun van die pyn. ‘n Verpleegster het na hom gekyk en haar kop geskud. Hy het hewig gebloei, maar die verpleegsters kon hom nie help nie, omdat so baie mense aandag nodig gehad het.

“Kan ‘n ambulans my nie na ‘n ander hospitaal toe neem nie?” het hy met ‘n hees stem gesmeek. ‘n Verpleegster het na hom gekyk en haar kop geskud.

Ambulanse uit die Transkei was nie togelaat om pasiente na hospitale buite die Transkei te neem nie.

Gelukkig het die verpleegsters ‘n motor gevind wat hom toe na Grey's Hospitaal in Pietermaritzburg geneem het. By Grey's het die dokters hom ondersoek. Dit was duidelik dat hy ernstige beserings opgedoen het en hy is onmiddellik opgeneem.

## Hoofstuk 4

# Die herstel

Tydens sy vertoef in die hospitaal het Leonard oor baie dinge nagedink. Hy was ‘n beroemde sokkerspeler. Nou was hy afhanklik van mense om hom in ‘n rolstoel rond te stoot. Eens het sy sterk bene hom gehelp om skares te vermaak. Nou wou sy bene nie op hul eie beweeg nie.

“Is dit die einde van my sokkerloopbaan?” het hy gewonder. “Sal ek ooit weer hoor hoe die skare “Shoooooes!” skreeu wanneer ek die bal in die middelveld kry en koers vat doelpale toe?”

Eendag het die dokter, wat Leonard behandel het, na hom toe gekom om met hom te praat. “Meneer Gregory,” het hy gesê, “ek weet nie hoe jy op die volgende nuus gaan reageer nie. Die ongeluk het beteken dat jy nooit weer soos voorheen jou bene sal kan gebruik nie. Die lewe is nou maar so, Meneer Gregory. Dinge gebeur soms wat ons nie verwag of wil hê moet gebeur nie.”

Die dokter het stilgebly en op Leonard se reaksie gewag.

“Ek verstaan, Dokter,” het Leonard sonder huiwering glimlaggend gesê.

Die dokter was verbaas dat Leonard die nuus so goed hanteer het. Hy het toe aangegaan, “Jy sal die res van jou lewe in ‘n rolstoel deurbring of jy sal krukke moet gebruik.”

“Ek verstaan heeltemaal Dokter,” het Leonard moedig geantwoord. “Ek weet dat God my die vermoeë sal gee om hierdie nuwe leefwyse te aanvaar.”

Die dokter het toe besef dat Leonard sy lot aanvaar het. Hy het Leonard ‘n goeie nagrus toegewens en belowe om hom weer die volgende dag te sien.

Nadat die dokter weg is, het Leonard nagedink oor die nuus wat hy gekry het. “Wat beteken dit alles vir my?” het hy homself afgevra. Hy het aan homself gevat om seker te maak dat hy nie droom nie. Hy het probeer om sy bene te skud.

Leonard was egter bekommerd oor sy familie. Sou sy vrou en kinders hom aanvaar soos hy is? Wat sou met hulle gebeur noudat hy nie kon loop nie? Sou hy vir hulle, as vader en as man, kon sorg? Hierdie soort vrae het hom snags wakker gehou.

Hy het in ‘n Christelike huis grootgeword en was altyd geestelik sterk. Hy het aan sy ouma, Lilly, gedink wat altyd ‘n groot invloed op sy lewe as jong seun gehad het. Sy was gestremd as gevolg van ‘n slangbyt. Sy het ‘n boggelrug gehad en was altyd kort van asem, maar het altyd ‘n sterk geloof in God gehad. Leonard se geloof in God was ‘n groot steun vir hom gedurende hierdie moeilike tyd.

Toe, na baie weke, het Leonard se familie hom in die hospitaal in Pietermaritzburg kom besoek. Dit was ver van Kokstad af. Hulle was baie bly om mekaar weer te sien. Hierdie besoek was ‘n groot verligting vir Leonard.

*Lilly, Leonard se inspirerende ouma, met sy suster, Sonia, en sy ma, Florence, na Sonia se eerste Heilige Nagmaal seremonie.*

Sy familie het hom nie oor sy gestremdheid verstoot nie. Hulle het hom aanvaar en aangemoedig om voort te gaan met sy planne. Leonard het ook baie ondersteuning van vriende en die kerk ontvang. Leonard is aangemoedig deur die besoek van familie en vriende. Hy het vir ‘n oorplasing na ‘n hospital nader aan sy huis gevra, sodat sy familie hom meer gereeld kon besoek. Gou was hy sterk genoeg om na sy familie huis toe te gaan.

Nadat hy uit die hospitaal ontslaan is, het Leonard elke dag oefeninge gedoen om sy bene te versterk. Alhoewel dit baie moeilik en pynlik was, het hy volgehou. Kort daarna kon hy sy bene met behulp van krukke gebruik.



*Leonard en Sylvia hernu hul huweliksbeloftes en deel die Heilige Brood by die Christian Fellowship Kerk (Mei 2000).*

## Hoofstuk 5

# Die afrigter

Die ongeluk in 1991 het Leonard se sokkerloopbaan op die ouderdom van 31 beëindig. Na sestien jaar van eersteklas sokker, was Leonard gestremd.

Hy het gebid, "Liewe God, gee my die moed om die werklikheid waarin jy my geplaas het, in die gesig te staar." Na die gebed het Leonard nuwe moed gekry. Hy het besluit om na sokker terug te keer, maar in 'n ander rol.

"Ek sal nie weer kan speel nie," het hy vir homself gesê, "maar ek het nog my sig en ek kan dink. Ek sal 'n afrigter word. Ek sal 'n nuwe span stig en ek is seker ek sal 'n sukses daarvan kan maak."

Sonder om tyd te verspil het Leonard 'n groepie seuns in sy plaaslike omgewing bymekaar gebring en hulle begin afrig. Hy het 'n span, Young Swallows, gestig om as voederspan vir Kokstad Swallows te dien. Hy het gedink dat Young Swallows vorm aan Kokstad Swallows sou gee en ook die toekoms daarvan sou verseker.

Leonard se jarelange ervaring as sokkerspeler was baie handig en hy het besef dat hy afrigting geniet het. Hy was baie na aan sy spelers. Al hoe meer jong seuns het by die span aangesluit en gou het Leonard nog jonger spelers afgerig.

Young Swallows was goed vir die seuns in Leonard se gemeenskap. Dit het hulle sokkervaardighede, spangees en deursettingsvermoë geleer. Dit het hulle iets positiefs gegee om te doen, en het hulle weggehou

*Leonard en plaaslike seuns gedurende uitdunne en die stigting van Kokstad Swallows voederspanne (1996).*

van bendebedrywighede en misdaad. Baie van Leonard se spelers het al op provinsiale vlak gespeel en sommige het sukses as professionele spelers behaal.

Alhoewel Leonard dit vreeslik geniet het om Young Swallows af te rig, het hy besef dat sokker slegs een van die baie dinge was wat hy moes doen. As ‘n persoon met ‘n gestremd, het hy geroep gevoel om met ander mense met gestremdhede te werk.

*Kokstad Swallows tydens MCDPO se Menseregtedag bewustheidsmaking geleentheid (1999).*

## Hoofstuk 6

# Die kampvegter vir gestremdes

Leonard het agtergekom dat baie gestremdes in Kokstad moeilike lewens ly. Sommige is verwaarloos of deur hulle gesinne in ‘n agterkamer versteek. Ander het in armoede gelewe. Baie was onbewus van hulle regte as gestremde mense.

Leonard het ook ontdek dat gemeenskapslede negatiewe houdings teenoor gestremdes openbaar het. Hulle was onder die indruk dat gestremdes niks vir hulself kon doen nie. Sommige mense het hulle bejammer en sommige het hulle vir hierdie mense geskaam. Leonard het besef dat gestremdes moet saamstaan ten einde hul lot te verbeter.

Leonard het die gestremdes byeengebring. Saam het hulle ‘n nuwe organisasie gestig: die Mount Currie Disabled People's Organisation (MCDPO). Dit is vernoem na die reuse berg wat agter Kokstad geleë is. Die amptelike stigting van die MCDPO het in Maart 1999 in die Kokstadstadsaal plaasgevind. Gestremde kinders het musiek en dramas opgevoer, gassprekers van die Parlement het die gehoor toegespreek en digene

wat die organisasie op die been gebring het, het toekennings gekry as erkenning vir hulle rolle.

Sedertdien het die MCDPO ‘n baie bekende organisasie in Kokstad en die res van KwaZulu-Natal geword. Dit het groot moeite gedoen en baie energie aan voorspraak en bewustheidsmaking bestee. Dit het probeer om gewone mense se houding te verander en om hulle oor te haal om gestremdes te respekteer. Die organisasie het openbare byeenkomste gereël ten einde die gemeemskap te wys dat gestremdes dinge vir hulself kan doen.

*Kokstad City Lovers onder 14 span met hoofafrigter, Leonard Gregory, met mede-amptenare by Mthatha Independence Stadion gedurende die nasionale onder 14 Transnet Sokkerklub Kampioenskappe (2000).*

Een van die grootste suksesse was die byeenkoms op 16 Junie, 1999, Nasionale Jeugdag. Op daardie dag het gestremde kinders in aanraking gekom met nie-gestremde kinders van hoofstroomskole. Gestremde jeugkore het musiek en dramas opgevoer. Gestremde kinders het toesprake gelewer. Beide groepe kinders (gestremd en nie-gestremd) het uitgevind dat hulle dieselfde aktiwiteite geniet het. Daarna het die gestremde kinders gesê dat die nie-gestremdes hulle met respek behandel het. Hulle was baie dankbaar dat die MCDPO hierdie geleentheid gereël het.

Die MCDPO het ook gehelp om ‘n oplossing te vind vir die behuisingskrisis wat die gestremdes in die gesig staar. Baie gestremdes het nie hul eie huise gehad nie en het in armoedige omstandighede gelewe. Die MCDPO het hulle gehelp om huise deur die stadsraad te bekom. Vir baie mense was dit die eerste keer wat hulle hul eie huis besit het.

Nog ‘n probleem waarmee gestremdes worstel is werkloosheid. Hulle kan nie werk kry nie omdat werkgewers nie gestremde werkers wil aanstel nie. Daarom het die MCDPO ‘n sweiswerk en skryn werkskswinkel in ou munisipale kantore op die been gebring. Deur gebruik te maak van vaardige mense met gestremdhede is MCDPO lede opgelei as sweisers

*Leonard deel sy getuienis om mense in die Kokstad Assemblies of God Kerk aan to moedig.*

en skrynwerkers. Die projek het ‘n sweiskontrak by die munisipaliteit beklink.

Die organisasie herstel ook rystoele by die werkswinkel. Op hierdie manier word daar geld vir die organisasie verdien. Hierdie geld is gebruik om nuwe toerusting aan te koop. Wat oorbly is tussen die lede verdeel.

Leonard en die MCDPO het sterk bande met die munispaliteit, die provinsiale regering, nie-regerings-organisasies en professionele sokkerspanne gesmee. Die oud-Premier van KwaZulu-Natal, Lionel Mtshali, het al by MCDPO byeenkomste toesprake gelewer. Sokkerspanne soos Bush Bucks het al by hul feesvieringe gespeel.

Leonard gebruik sy kontakte in die sokkerwêreld om die lewens van gestremdes te verbeter. Die MCDPO het baie planne vir die toekoms. Hulle wil ‘n kleuterskool vir gestremde kinders en ‘n geletterdheidsprogram vir gestremde volwassenes begin.

“Gestremdheid moet jou nie terughou nie,” sê Leonard vir gestremdes. “Jy kan ‘n volkome bydrae in jou gemeenskap lewer.”

Leonard se boodskap aan die gemeenskap is eenvoudig.

*Leonard ontvang van Biskop William J. Slattery erkenning vir sy prestasie in sokkerafrigting (1999).*

“Gestremdes het so baie om aan te bied. Lede van die gemeenskap moet hulle houding verander sodat almal uit gestremdes se bydrae kan baat."

Leonard, die kampvegter, is nie meer ‘n sokkerster nie. Vandag is hy ‘n uitstekende sokkerafrigter, maar hy het ook ‘n nuwe rol ontdek – kampvegter vir gestremdes. Tot vandag toe noem hulle hom nog steeds “Shoes"!

*Leonard “Shoes” Gregory met Mlungisi “Professor” Ngubane en Leonard se seun, Lee Gregory (2000).*

# Oor die skrywer

**Peter Rule**

Peter Rule is ‘n onderwyser, skrywer en leerder wat met organisasies vir gestremdes werk. Hy hou van lees en stories skryf.

Hy glo daaraan dat die stories van gestremde persone meer breedvoerig vertel moet work. “Ons mikpunt moet ′′n Saamlewing vir almal′ wees. Die stories oor gestremde persone help my om te verstaan wat dit beteken om gestremd te wees en hoe belangrik dit vir ons as nie-gestremde persone is om ons houding teenoor gestremdes te verander.′′

**“Shoooooes!” Die storie van Leonard Gregory**

First published 2008 by New Readers Publishers

Copyright © 2008, 2019 New Readers Publishers

Author: Peter Rule
Illustrations: Jedd Rankin
Design: Lesley Lewis

Original print version ISBN: 978-1-86840-674-6

This publication is available under an Open Access Creative Commons licence:
Attribution-NonCommercial-NoDerivatives 4.0 International
(CC BY-NC-ND 4.0)

https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/legalcode

By using the content of this publication, the users accept to be bound by the terms of use of the licence. You are free to share (that is, copy and redistribute the material in any medium or format) as long as you follow these licence terms:

Attribution (by): You must give appropriate credit to New Readers Publishers and provide a link to the license.

Non Commercial (nc): You can copy, distribute, display, perform, and use this material for any purpose other than commercially (unless you get permission first). Non Commercial means not primarily intended for or directed towards commercial advantage or monetary compensation.

No Derivatives (nd): If you remix, transform, or build upon the material, you may not distribute the modified material. But note that simply changing the format does not create a derivative.

# NEW READERS PUBLISHERS

New Readers Publishers develops and supports adult literacy and basic English Second Language skills by producing easy to read books in all South African languages for the entertainment and education of adult new readers. Many of the books are also suitable for younger readers.

New Readers Publishers is a non-profit publishing project originally started in 1991 and housed at the Centre for Adult Education at the University of KwaZulu-Natal in Durban until 2014.

It is now an independent initiative which makes digital versions of New Readers Publishers books in all South African languages available online. The use of these e-versions will be free for non-commercial purposes via a Creative Commons Licence (see imprint page for more details).

## How to contact us

If you want to find out more about New Readers Publishers please look at our website:

http://newreaders.co.za

or email us at:

newreadersdurban@gmail.com